

## Meng van onverenigbare materiale in stoortenks.

Februarie 2017

Op 21 Oktober 2016 meng twee onverenigbare materiale per ongeluk; swaelsuur en natrium hipochloriet (bleikmiddel) tydens 'n roetine grondstof aflewing by 'n aanleg in Atchinson, Kansas VSA. Hewige reaksie vind plaas en 'n groot wolk chloor word vrygestel en beweeg in die naburige gemeenskap in. Ongeveer 100 mense kry mediese behandeling, verskeie skole sluit en ongeveer 11 000 mense word gevra om binnenshuis te bly vir 2 ure.

In die verlede het verskeie soortgelyke insidente plaasgevind waar chloor vrygestel is:

- Mei 2013, Portland, Oregon, VSA – 'n leveransier tenker pomp 'n mengsel van salpetersuur en fosforsuur in 'n tenk met natrium hipochloriet by 'n melkery.
- Oktober 2007, Frankfurt, Duitsland – Soutsuur word per ongeluk oorgepomp na 'n natrium hipochloriet tenk. Ongeveer 200 kg chloor word vrygestel en 60 mense word behandel. Die operateur wat die uiteindelik die oorplasing gestop het, is oorlede nadat hy in die proses oormaat chloor ingeasem het.
- Augustus 2002, Coatbridge, Britanje – 'n aflewerings tenker pomp per ongeluk natrium hipochloriet en soutsuur in dieselfde tenk by 'n swembad. Dertig mense word medies behandel na blootstelling aan chloorgas.
- Augustus 1993, Stockholm, Swede – 'n aflewerings tenker pomp per ongeluk fosforsuur in 'n tenk met natrium hipochloriet by 'n swembad.
- Maart 1985, Westmalle, België – Soutsuur word per ongeluk in 'n tenk met oorblywende natrium hipochloriet gepomp.
- November 1984, Slaithwaite, Britanje – Die aanleg het gewag vir 'n aflewing van natrium hipochloriet, maar ontvang in plek daarvan per ongeluk ferri chloried oplossing (suur oplossing) wat in die natrium hipochloriet tenk afgelaai word.
- September 1984 Hincley, Britanje – Ferri chloried oplossing afgelaai in die natrium hipochlorited tenk.



### Wat kan jy doen?

- Verstaan die potensiële gevaarlike interaksies van verskillende materiale wat jy aflaai in jou aanleg se stoortenks. Die Julie 2016 Beacon beskryf die gebruik van 'n chemiewe interaktiewe spreitabel as 'n manier hoe ingeneurs en chemici kan help om die moontlike chemiese interaksies te verstaan.
- Kyk altyd (en maak dubbel seker!) na al die dokumentasie en etikette van inkomende aflewerings en bevestig dat dit wel die materiaal is wat verwag word.
- Volg jou aanleg se procedures vir identifikasie en aflaai van inkomende grondstowwe.
- Maak seker al die pypwerk en toerusting in die grondstof aflaai area is behoorlik gemerk. Daar moet ook geen konneksies wees tussen pype na tenks wat onverenigbare materiale bevat nie.
- As die grondstof aflaai area pype en kleppe het wat verwarrend kan wees, of waar onverenigbare materiale naby mekaar afgelaai word, lig jou bestuur in sodat hulle dit kan verbeter.
- As grondstowwe deur die bestuurders van tenkers afgelaai word, maak seker hulle verstaan die aflaai toerusting en procedures sodat hulle kan seker maak hulle laai af in die regte tenk.
- Sien Maart 2009 en April 2012 Beacons ([www.sache.org](http://www.sache.org)) vir ander insidente waar 'n onverenigbare materiaal afgelaai is in 'n tenk.

### **Maak seker: Die regte material in die regte tenk!**

©AIChE 2017. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at [ccps\\_beacon@aiche.org](mailto:ccps_beacon@aiche.org) or 646-495-1371.